

6

GAWES EN BEELDE VAN DIE KERK

Waar pas ek in?

GESINSLES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders en ouers moet weet dat hulle deel is van die Here se liggaam, dit is sy kerk.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

- Die kinders en ouers moet weet die kerk is Jesus se sigbare liggaam in die wêreld.

Gesindheid

- Die kinders en ouers moet graag deel van Jesus se liggaam wil wees.

Vaardigheid

- Die kinders en ouers moet met hulle gawes en talente 'n bydrae maak om hierdie liggaam op te bou.

MEER INLIGTING (Romeine 10: 14, 17; Handeling 2: 38, 42, 44, 46; Efesiërs 5: 25; Efesiërs 2: 19; Openbaring 21: 2; Johannes 15: 5; Galasiërs 5: 22; 1 Korintiërs 12)

Die kerk is alle mense wat deur God bymekaar geroep is. Die woordjie *kerk* beteken om deur die Here geroep te wees, of om aan die Here te behoort. Alle mense wat dit glo, moet aan die Here gehoorsaam wees. Die kerk is dus almal wat die Here geroep het, wat aan Hom behoort en aan Hom gehoorsaam is.

Hoe word ons deel van die kerk? Ons lees in die Bybel, in Johannes 3: 16, dat God ons so lief gehad het dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié van ons wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê. Ons wat in Hom glo, gaan met ander woorde nie verlore nie. Ons word sy eiendom, ons behoort aan Hom, ons is sy kerk as ons in Hom glo.

Hoe gebeur dit dat ons in Hom glo? Die Here Jesus se dissipels, wat later die apostels geword het, het gaan preek, Nagmaal bedien, mense gedoop en hulle van Jesus geleer. Dié wat

geluister het na wat die dissipels gepreek het, wat hulle laat leer het en wat in Jesus geglo het, is gedoop. Hulle het gereeld bymekaar gekom om weer en weer te luister. Hulle het na mekaar se behoeftes omgesien en Nagmaal gebruik.

In vandag se tyd sê ons mense word gelowig of word deel van die kerk as hulle katekiseer, na preke luister en die sakramente gebruik. Gelowige mense of kerkmense is ook mense wat liefhet. Hulle het God en ander mense lief. Hulle sien om na mekaar se belange, en so is hulle die sigbare liggaam van die Here in die wêreld.

Die Bybel gebruik verskillende beelde, dit is alledaagse dinge in die wêreld, om vir ons te vertel hoe die verhouding tussen die Here en die kerk behoort te wees. Beelde wat gebruik word, is huisgesin, bruid, wingerdstok, liggaam, en nog baie ander. Iets wat eie is aan elkeen van hierdie dinge, word gebruik om die Here en sy gemeente se verhouding met mekaar uit te beeld:

- Soos 'n *huisgesin* 'n ouer het wat leiding gee en die gesinslede versorg, so sorg die Here ook vir sy gemeente. Soos kinders in 'n *huisgesin* gehoorsaam aan hulle ouers moet wees, so moet die gemeente ook gehoorsaam aan die Here wees.
- Soos 'n bruidegom sy *bruid* liefhet, selfs tot die dood toe, so het die Here ook sy gemeente lief. Soos 'n *bruid* haar vir haar man mooi maak, so moet die gemeente hulle ook met alles wat mooi is, gereedmaak vir die Here.
- Soos lote aan 'n *wingerdstok* vas is om vrugte te kan dra, so moet die gemeente ook aan die Here vas wees om geloofsvrugte te dra. Hy voed hulle, Hy stel hulle in staat om vrugte te dra, dit is om dade te verrig wat *gesond, voedsaam en lekker* is. In Galasiërs 5: 22 lees ons van die vrug van die Gees: liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, nederigheid en selfbeheersing.
- Soos 'n *liggaam* baie ledemate het, so het die gemeente ook baie lidmate. Die liggaam se ledemate is aan mekaar verbind en van die hoof afhanklik. So is al die lidmate afhanklik van die Here as die Hoof van die kerk, en is hulle onderling aan mekaar verbind.

By al hierdie beelde gaan dit daaroor dat die Here vir sy kinders in die gemeente sorg. Daarom moet hulle by Hom bly, in Hom glo, Hom volg, aan Hom gehoorsaam wees en deel wees van die gemeente.

AANBIEDING

Jy het nodig:

- Die Bybel.
- Enige legkaart wat jy in die hande kan kry met minstens 30 maar nie meer nie as 50 stukke.

KOM ONS BEGIN

Open met Gesang 475: 1 en 2 as gebed.

*Allerhoogste Hemelvader,
lofgesange prys u Naam.
In ons kerke, in ons huise
loof ons, dank ons U tesaam.
Hoor die loflied, vreugdesange,
neem dit aan in Jesus Naam.*

*Werk in u gemeente, Here
– Vader, Seun en Heil'ge Gees –
reinig ons deur u genade,
laat ons offers heilig wees;
U is heilig, maak óns heilig
deur die werking van u Gees. Amen.*

HET HULLE ONTHOU?

Vra vir die kinders wie hulle naaste is. Wat sê hulle ouers? Vind uit watter guns hulle aan iemand wat verwerp is, bewys het en wat alles gebeur het. Laat 'n paar kinders vertel.

Kontroleer of hulle verlede week se ontbrekende woorde ingevul het en die vrae geleer het. Vra enkele vrae om te kyk of hulle dit ken.

- Deur wie is 'n man wat op reis was, aangeval? *Boewe/rowers.*
- Watter twee persone het by hom verbygeloop en hom net so gelos nadat hy aangeval is? *Priester en Leviet.*
- Wie het die man in nood gehelp? *Die Samaritaan, wat as 'n heiden beskou is, het die man in nood gehelp.*
- Hoekom kan ons sê dat hierdie man onselfsugtig opgetree het? *Hy het nie aan homself gedink nie, maar aan iemand anders in nood.*
- Waarheen het die Samaritaan die gewonde man geneem? *Die Samaritaan het die gewonde man na 'n herberg toe geneem.*
- Hoe kan jy ook barmhartigheid aan ander mense op 'n konkrete manier bewys? *Noem 'n voorbeeld.*

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Vra die volgende vrae vir die kinders om te hoor wat hulle persepsie van die kerk is. Lei hulle elke keer na die regte antwoorde toe met die gegewens by MEER INLIGTING.

- Lees Handeling 2: 37-42 en vra dan:

Hoe word 'n mens deel van die kerk?

Laat die kinders hulle mening gee en lei hulle tot die volgende antwoord: *Die apostels het gepreek, die mense het hulle bekeer, hulle is gedoop en die Here het hulle tot die getal van gelowiges toegevoeg.*

- Lees Handeling 4: 32-37 en vra dan:

Wat is die onderlinge mededeelsaamheid en hoe help kerkmense mekaar?

Laat die kinders praat en lei hulle tot die antwoord: *Hulle het alles wat hulle gehad het, met mekaar gedeel.*

IETS INTERESSANT

Gebruik die gegewens by MEER INLIGTING en –

- bespreek hoe ons deel word van die kerk.
- verduidelik die beelde wat die Bybel gebruik.
- verduidelik hoe ons kerk van die Here moet wees.

IETS BELANGRIK

1 Korintiërs 12: 27: *Julle is die liggaam van Christus...*

Gesels meer oor die beelde van 'n huisgesin, die bruid en die bruidegom, die wingerdstok en die liggaam met al die verskillende lede. Laat hulle hulle gedagtes met die res van die klas deel.

IETS OM TE DOEN

- Verdeel die kinders in twee groepe.
- Gee vir elke groep ongeveer die helfte van die legkaartstukke wat nie by mekaar pas nie. Hulle moenie weet dit pas nie by mekaar nie. Maak seker dat hulle weet hoe die legkaartprent lyk. Gee die opdrag dat hulle met die stukke voor hulle die legkaart moet bou. Hulle sal waarskynlik agterkom dat die stukke nie by mekaar pas nie. Laat die hele groep dan toe om met al die stukke saam te werk sodat hulle die legkaart kan voltooi.

Vra dan die volgende vrae:

- Hoe het dit gevoel toe julle agterkom dat julle nie die volle legkaart het nie? *Julle het gesukkel. Dit was 'n deurmekaarspul. Niks wou werk nie.*
- Wat moes gebeur voordat julle julle doel kon bereik en die legkaart kon bou? *Al die stukke moes daar wees. Die een stuk moes by die ander pas. Met al die stukke op hulle plek kon daar 'n pragtige prent wees.*
- Hoe het dit gevoel toe almal die legkaart saam klaargebou het? *Dit was 'n sukses. Ons was almal gelukkig en tevrede. Dit was 'n mooi prentjie. Ons het ons doel bereik.*
- Watter belangrike les kan jy hieruit leer oor die Kerk? *As almal in die gemeente saamspan en op die regte plek hulle talente en gawes uitleef, gaan daar sukses in die gemeente wees, mense gaan gelukkig en tevrede wees, die Kerk gaan sy doel bereik en gaan 'n mooi "prentjie" wees.*

BY DIE HUIS

Laat hulle die volgende tuis gaan doen en leer.

DOEN

Die kinders moet –

- met hulle ouers gaan gesels oor hoe hulle as gesin deel is of deel kan wees van die liggaam van Christus, dit is die kerk. Hulle moet dit neerskryf.
- 'n SMS stuur aan 'n maat en sê hoe hulle in die kerk inpas.

LEER

Laat hulle die volgende gaan leer:

- 1 Korintiërs 12: 27: *Julle is die liggaam van Christus...*
- Die woordjie *kerk* beteken om deur die Here geroep te wees, of om aan die Here te behoort.
- In die Bybel word die Here en die kerk se verhouding voorgestel deur:
 - 'n huisgesin, om God se versorging uit te beeld.
 - 'n bruid en bruidegom, om sy liefde te wys.
 - 'n wingerdstok en lote, om ons vaswees aan Hom en die vrugte wat ons moet dra, te beklemtoon.
 - die hoof (kop) en liggaamsdele, om God se verhouding met ons duidelik te maak.
 - 'n liggaam, om te verduidelik dat ons soos liggaamsdele aan mekaar verbind is en vir mekaar moet omgee.

AFSLUITING

Sluit af met gebed of vra of een van die ouers dit wil doen.